SWARTLAND MUNISIPALITEIT
VERORDENING INSAKE DIE INSTALLASIE VAN TELEKOMMUNIKASIE-INFRASTRUKTUUR

Ooreenkomstig die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal Swartland Munisipaliteit hiermee soos volg:-

Inhoud

HOOFSTUK 1: DEFINISIES EN DOEL

1. Definisies
2. Doel

HOOFSTUK 2: KENNISGEWING EN PERMITOORWEGINGS

3. Kennisgewing en inligting verlang
4. Permitoorwegings
5. Uitreiking van permit

HOOFSTUK 3: SPESIFIEKE PERMITVOORWAARDES

6. Betaling van jaarlikse permitgelde
7. Verskaffing van bankwaarborg
8. Aanvang en uitvoering van werk
9. Oprigting en deel van infrastruktuur
10. Deel van bestaande munisipale dienste-infrastruktuur
11. Deel van inligting
12. Geldigheidstydperk van permit
13. Oordrag van permit
14. Intrekking van permit
15. Verstryking van permit

HOOFSTUK 4: NAKOMING EN AFDWINGING

16. Nakoming van wetgewing
17. Reg van toegang en inspeksie
18. Toesig, inspeksie en toetsing
19. Kennisgewing van nakoming

HOOFSTUK 5: ALGEMENE BEPALINGS

20. Gelde en tariewe
21. Vrywaring
22. Misdrywe en straf
23. Appèl

DRAFT

24. Kort titel en inwerkingtreding

HOOFSTUK 1: DEFINISIES EN DOEL

1. Definisies

In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken–

"administrasiegelde" die gelde wat vooruit betaal moet word vir 'n permit om geprosesseer en oorweeg te word;

"bevoegde persoon" 'n persoon wat uit hoofde van sy of haar opvoeding, opleiding, ervaring en kontekstuele kennis gekwalifiseer is om besluite te neem in verband met die prestasie van 'n operateur in die voorsiening van elektroniese kommunikasie-infrastruktuur;

"diensgebruik" die gebruik van munisipale dienste, insluitend maar nie beperk nie tot water en sanitasie, elektrisiteit en vullisverwydering terwyl munisipale eiendom deur die elektroniesekommunikasie-operateur gebruik of beset word;

"elektroniese kommunikasie" in die WEK die uitsending, oorsending of ontvangs van inligting, insluitend sonder beperking, stem, klank, data, teks, video, animasie, visuele beelde, bewegende beelde en prente, seine of 'n kombinasie daarvan deur middel van magnetisme, radio- of ander elektromagnetiese golwe, optiese, elektromagnetiese stelsels of 'n agentskap van 'n soortgelyke aard, hetsy met of sonder hulp van tasbare geleiding, maar dit sluit nie inhouddiens in nie;

"elektroniese kommunikasiefasiliteit" in die WEK, enige draad, kabel met insluiting van ondersese en landgebaseerde veseloptiese kabels, antenne, mas, satellietantwoordsender, kringbaan, kabellandstasie, internasionale poort, aardstasie, en radioapparaat of ander ding, wat gebruik kan word vir, of in verband met elektroniese kommunikasie insluitend–

(a) plasingsruimte;
(b) moniteertoerusting;
(c) ruimte op of binne pale;
(d) kanale;
(e) kabelhouers;
(f) mangate;
(g) handvatsels en geleibuise; en
(h) geassosieerde steunstelsels, substelsels en dienste, bykomstig by sodanige elektroniese kommunikasiefasiliteite of andersins nodig om verbinding van die verskillende elektroniese kommunikasiefasiliteite te beheer vir behoorlike funksionaliteit, kontrole, integrasie en benutting van sodanige elektroniese kommunikasiefasiliteite, en **"telekommunikasie-infrastruktuur"** het 'n ooreenstemmende betekenis;

DRAFT

"elektroniese kommunikasienetwerk" ŉ stelsel van elektroniese kommunikasiefasiliteite, uitgesonderd intekenaarstoerusting, insluitend sonder beperking-

(a) satellietstelsels;
(b) vaste stelsels (kringbaan- en pakketgeskakel);
(c) mobiele stelsels;
(d) veseloptiese kabels (ondersee en landgebaseer);
(e) elektrisiteitkabelstelsels (in soverre dit vir elektroniesekommunikasiedienste gebruik word); en
(f) ander oorsendingstelsels, wat vir die dra van elektroniese kommunikasie gebruik word;

"elektroniese kommunikasie-operateur" ŉ persoon wat ŉ elektroniese kommunikasienetwerk bedryf, elektroniese kommunikasiedienste of netwerkdienste lewer en wat òf gelisensieer is òf vrygestel is ingevolge die WEK, met inbegrip van daardie persoon se agente en kontrakteurs,
en **"operateur"** het ŉ soortgelyke betekenis;

"gelde" heffings of tariewe ten opsigte van enige funksie of diens van die munisipaliteit soos bepaal ingevolge artikel 75A van die Wet op Munisipale Stelsels 2000 (Wet 32 van 2000);

"gemagtigde beampte" ŉ werknemer van die munisipaliteit verantwoordelik vir die uitvoering van enige plig of funksie of die uitoefening van enige mag ingevolge hierdie verordening en sluit ŉ persoon of agent in met gedelegeerde magte om sodanige plig of funksie uit te voer of uit te oefen;

"ICASA" die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika;

"jaarlikse permitgelde" die gelde wat betaal moet word as ŉ voorwaarde van die uitreiking en voortgesette geldigheid van ŉ permit wat ingevolge hierdie verordening deur die munisipaliteit uitgereik word;

''munisipaliteit'' die Swartland Munisipaliteit, ingestel ingevolge artikel 12 van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998, en sluit enige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid, behoorlik gemagtigde agent of enige werknemer wat in verband met hierdie verordening optree uit hoofde van magte wat in die munisipaliteit vestig, en gedelegeer of subgedelegeer aan sodanige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid, agent of werknemer;

"munisipale eiendom" eiendom wat vir die doel van hierdie verordening, gebruik kan word of vereis word vir die installasie van elektroniese kommunikasienetwerke of die installasie van elektroniese kommunikasiefasiliteite, insluitend maar nie beperk nie tot-

(a) paaie en padreserwes;
(b) sypaadjies, randstene, voetgangerpaaie en fietspaaie;
(c) dreineringsfasiliteite;
(d) ondergrondse kanale, pype, leipype en tonnels;
(e) pale, stellasies, tekens en soortgelyke strukture;
(f) ander hoë persele soos watertorings, geboue, maste, ensovoorts;

DRAFT

(g) munisipale water- en rioolpype;
(h) munisipale nutsfasiliteite;
(i) munisipale verkeerseine en -tekens;
(j) straatligpale en soortgelyke straatinstallasies, insluitend oorhoofse kabels;
(k) bome op munisipale eiendom;
(l) grond en geboue wat deur die munisipaliteit besit word; en
(m) enige struktuur wat deur die munisipaliteit besit word;

"permit" 'n dokument ingevolge waarvan die munisipaliteit aan 'n elektriese kommunikasieoperateur die reg verleen om munisipale eiendom te gebruik of te beset met die doel om elektroniese kommunikasiefasiliteite te installeer;

"permitvoorwaardes" die voorwaardes geassosieer met 'n permit, insluitend die regte, pligte en aanspreeklikhede van die operateur, sowel as die betaling van gelde soos bepaal deur die munisipaliteit;

"soos-opgerig-inligting" inligting oor hoe infrastruktuur deur 'n operateur geïnstalleer is;

"voltooiing van werk" die werk het 'n punt bereik waar die permitvoorwaardes tot bevrediging van die gemagtigde beampte nagekom word;

"WEK" die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet 36 van 2005);

"werk" die elektroniese kommunikasienetwerk of elektroniese kommunikasiefasiliteit wat deur 'n elektroniese kommunikasieoperateur geïnstalleer moet word en sluit in enige pyp, kanaal, kabel, mangat, lasgat, deurtrekkassie, toerustingkas of enige elektroniesekommunikasie-infrastruktuur wat deel vorm van die installasie van die diens op munisipale eiendom.

2. Doel

Die doel van hierdie verordening is om voorsiening te maak vir meganismes om die installasie van elektroniesekommunikasiefasiliteite wat 'n effek op die munisipaliteit se eie dienste-infrastruktuur kan hê te reguleer en te bestuur deur-

(a) te vereis dat elektroniesekommunikasie-operateurs die munisipaliteit kennis moet gee van hulle voorneme om die installasie van elektroniesekommunikasiefasiliteite in die regsgebied van die munisipaliteit te onderneem voor daar met sodanige installasie begin word;
(b) te vereis dat sodanige operateurs die munisipaliteit voorsien van alle inligting oor die ligging en aard van die werk wat onderneem gaan word, met insluiting van planne en sketse;
(c) te vereis dat sodanige operateurs 'n permit verkry vir die reg om munisipale eiendom te beset en om elektroniesekommunikasiefasiliteite op sodanige eiendom aan te bring en te bedryf; en

(d) die munisipaliteit die reg te gee om voorwaardes op te lê vir die uitreiking van ’n permit soos beoog in subparagraaf (c) en om gelde te hef en heffings op te lê soos beoog ingevolge artikel 75A van die Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);

HOOFSTUK 2: KENNISGEWING EN PERMITOORWEGINGS

3. Kennisgewing en inligting verlang

(1) ’n Operateur, hetsy gelisensieer of vrygestel ingevolge die WEK, wat beoog om die installasie van ’n elektroniesekommunikasiefasiliteit in die munisipale gebied te onderneem, moet die munisipaliteit minstens 90 dae voor die aanvang van sodanige installasie daarvan in kennis stel.

(2) Die kennisgewing moet die volgende inligting bevat-

(a) naam en kontakbesonderhede van die operateur;

(b) bewys van lisensie of vrystelling uitgereik deur ICASA;

(c) ’n beskrywing van die voorgestelde fasiliteite, met inbegrip van-

(i) die gebied wat bedien gaan word;

(ii) ’n beskrywing van die tegniese eienskappe van die fasiliteit;

(iii) kaarte of diagramme van die voorgestelde ligging op die skaal wat deur die munisipaliteit verlang word;

(iv) tegniese tekeninge met beskrywende lae en legendes wat die voorgestelde werk in detail aandui in ’n lêerformaat wat deur die munisipaliteit voorgeskryf word;

(d) datum waarop die beoogde werk sal begin;

(e) geraamde datum van voltooiing van die werk; en

(f) enige ander inligting wat die munisipaliteit verlang.

4. Permitoorwegings

Die uitreiking van ’n permit aan die operateur ingevolge artikel 3 sal oorweeg word en ’n besluit sal op grond van die volgende faktore geneem word-

(a) of die fisiese ruimte wat die operateur beoog om te beset beskikbaar en geskik is vir die doel;

(b) of die operateur bestaande soortgelyke infrastruktuur het wat dieselfde fisiese ruimte beset;

(c) of die voorgestelde besetting van die fisiese ruimte die toekomstige besetting van dieselfde ruimte deur ander elektroniesekommunikasie-operateurs, die munisipaliteit of ander entiteite kan beperk of verhoed;

(d) of soortgelyke infrastruktuur wat deur ander elektroniesekommunikasie-operateurs besit word reeds dieselfde fisiese ruimte beset; of

(e) enige ander oorweging wat die munisipaliteit nodig mag vind.

DRAFT

5. Uitreiking van permit

(1) Na ontvangs van ’n kennisgewing ingevolge artikel 3 mag die munisipaliteit, onderworpe aan die oorwegings in artikel 4, ’n permit aan die operateur uitreik, waarin die voorwaardes, spesifikasies en standaarde vir die werk wat deur die operateur onderneem moet word, uiteen gesit word.

(2) Die uitreiking van die permit maak nie inbreuk op die munisipaliteit se reg om addisionele vereistes op te lê ten opsigte van-

(a) die aangaan van huurooreenkomste en om huurgeld te hef vir die reg om munisipale eiendom te gebruik vir die doel van-
  (i) die installasie van telekommunikasie-infrastruktuur; of
  (ii) die stoor van toerusting of die vestiging van terreinkantore en werkswinkels;
(b) die betaling van gelde en ander kostes geassosieer met okkupasie, byvoorbeeld die koste van diensteverbruik; of
(c) die nakoming van–
  (i) omgewing- of ander impakstudies wat deur die munisipaliteit verlang word;
  (ii) beleide in verband met die beskerming van erfenis; of
  (iii) enige ander toepaslike wet of munisipale beleid;

(3) Geen operateur mag met die installasie van elektroniesekommunikasiefasiliteite begin voordat die permit deur die munisipaliteit uitgereik is en al die nodige gelde betaal is nie.

(4) Die uitreiking van die permit verleen of dra nie enige eienaars- of eksklusiewe regte met betrekking tot munisipale eiendom na die operateur oor nie;

(5) Die oordra van ’n permit na enige ander party sal onderworpe wees aan die bepalings van artikel 12.

HOOFSTUK 3: SPESIFIEKE PERMITVOORWAARDES

6. Betaling van jaarlikse permitgelde

(1) Die operateur moet die voorgeskrewe jaarlikse permitgelde vooruit betaal op voorwaarde dat die munisipaliteit en die operateur mag ooreenkom dat die gebruik van die elektroniesekommunikasiefasiliteit, of kapasiteit van die netwerk wat dit ondersteun, aan die munisipaliteit beskikbaar gestel sal word in plaas van betaling of as gedeeltelike betaling van die gelde.

(2) Die betaling van die jaarlikse permitgelde deur die operateur sal nie enige eenmalige installasiegelde, deurlopende diensfooi vir dienste wat verbruik word of enige ander soortgelyke heffing wat die munisipaliteit mag oplê om kostes wat weens die installasie, konstruksie of bedryf van die operateur se fasiliteite te verhaal, vervang nie.

DRAFT

7. Verskaffing van bankwaarborg

(1) Die operateur moet die munisipaliteit van ’n onherroeplike bankwaarborg vir die bedrag gespesifiseer in die permit voorsien om voorsiening te maak vir skade wat deur die operateur aan ander munisipale dienste of eiendom aangerig word en nie tot die oorspronklike toestand herstel word nie;

(2) Die waarborg sal voorsiening maak vir individuele eise wat binne 30 dae betaalbaar is om skade te herstel en moet by die munisipaliteit ingedien word vir goedkeuring voor dit deur die finansiële instelling uitgereik word.

(3) Die waarborg sal geldig bly vir ’n tydperk van 12 maande na voltooiing van die werk deur die operateur en geen werk mag begin voor die waarborg deur die munisipaliteit goedgekeur is nie.

8. Aanvang en uitvoering van werk

(1) Die operateur moet-

(a) die regte wat ingevolg die permit verleen is binne 180 dae van die datum van uitreiking uitoefen op voorwaarde dat, indien die vergunde okkupasie van munisipale eiendom nie plaasvind nie, die munisipaliteit die permit mag intrek;

(b) die estetika van die munisipaliteit se eiendom so ver as moontlik bewaar;

(c) verantwoordelikheid neem vir die koste van enige verlies, met insluiting van die herstel van die munisipaliteit se eiendom of fasiliteite indien enige skade tydens die konstruksie of bedryf sou plaasvind;

(d) in die uitoefening van die regte verleen ingevolge die permit, nie enige persoon in gevaar stel nie; en

(e) die fasiliteite op eie koste in stand hou.

(2) Die operateur moet alle werk uitvoer soos voorgeskryf in die permit en alle bestaande dienste en oppervlaktes wat deur die werk geraak geword herstel tot die oorspronklike toestand, insluitend sypaadjies, paaie, waterpype, stormwaterkanale, rioolpype, elektriese kabels, elektriese panele en omheinings en straatligpale.

(3) Indien die operateur versuim om aan subartikel (2) te voldoen, mag die munisipaliteit die herstelwerk onderneem of ’n kontrakteur aanstel om die herstelwerk te doen en die totale koste van die operateur verhaal, of deur middel van die bankwaarborg waarna in artikel 7 van hierdie verordening verwys word, verhaal.

9. Oprigting en deel van infrastruktuur

(1) Die munisipaliteit mag met die uitreiking van ’n permit-

(a) vereis dat die operateur konstruksie uitstel en met ander operateurs, eienaars van telekommunikasie-infrastruktuur of munisipale departemente koördineer ten einde die grawe van slote oor paaie of ander ontwrigting tot die minimum te beperk;

(b) vereis dat die operateur met ander operateurs of munisipale departemente koördineer om installasiewerk te deel, veral die grawe van slote oor paaie;
(c) vereis dat die operateur infrastruktuur met ’n ander operateur deel, veral onder omstandighede waar die vraag deur elektroniesekommunikasie-operateurs vir toegang tot munisipale eiendom beskikbaarheid oorskry;
(d) vereis dat die operateur addisionele infrastruktuur soos wat deur die munisipaliteit verskaf word, installeer; of
(e) enige ander voorwaarde oplê wat die munisipaliteit nodig mag ag.

(2) Die munisipaliteit mag te eniger tyd nuwe dienste-infrastruktuur installeer of oprig of enige van sy bestaande infrastruktuur modifiseer, verskuif of verwyder.

(3) In so ’n geval mag die munisipaliteit, indien nodig, vir die behoorlike verskaffing van dienste-infrastruktuur, binne ’n gespesifiseerde tydsraamwerk ’n operateur versoek om bestaande telekommunikasie-infrastruktuur op die kontrakteur se koste te verwyder, te verskuif of te modifiseer.

(4) In die geval van ’n privaat ontwikkelaar of ander instelling wat dienste-infrastruktuur wil installeer, mag die munisipaliteit ’n operateur versoek om bestaande telekommunikasie-infrastruktuur op die koste van sodanige ontwikkelaar of instansie te verskuif.

(5) Om billikheid vir alle betrokke partye te verseker, sal die munisipaliteit die redelikheid van die koste bepaal vir enige werk wat ingevolge subartikel (4) gedoen word, en indien nodig ’n ander operateur aanstel om sodanige werk te onderneem.

(6) Die munisipaliteit sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies van inkomste deur die operateur wie se infrastruktuur ingevolge subartikel (4) verskuif moet word nie, of vir enige eise met betrekking tot skade as gevolg van sodanige verwydering of verskuiwing.

10. Deel van bestaande munisipaledienste-infrastruktuur

(1) Onderworpe aan die bepalings van artikel 5(2)(a) kan die munisipaliteit die installasie van telekommunikasie-infrastruktuur op geïsoleerde elektriese oorhoofse infrastruktuur of in munisipale ondergrondse kanale oorweeg en goedkeur op voorwaarde dat die munisipaliteit sodanige aansoek op grond van veiligheidsoorwegings kan verwerp.

(2) Indien die munisipaliteit dit nodig vind om infrastruktuur waarna in subartikel (1) verwys word op te gradeer, te verwyder of te vernuwe, sal die operateur verantwoordelik wees om op eie koste die installasie te verwyder of te verskuif.

(3) Die munisipaliteit sal nie verantwoordelik wees vir skade aan die operateur se installasie weens instandhoudingswerk wat gedoen word of enige fout van die geassosieerde elektriese infrastruktuur nie.

DRAFT

(4) Die installasie waarna in subartikel (1) verwys word, moet gedoen word deur ’n elektrisiën wat gekwalifiseer is om met aangeskakelde elektriese lyne te werk en geen werk mag begin sonder ’n permit waarna in artikel 5 van hierdie verordening verwys word nie.

11. Deel van inligting

(1) Die munisipaliteit sal die databasis van sy geografiese inligtingstelsel aan die operateur beskikbaar stel in soverre dit nodig is vir die installasie van elektroniesekommunikasiefasiliteite.

(2) Die operateur mag sodanige inligting slegs vir die doel van die permit wat ingevolge hierdie verordening uitgereik is gebruik en mag sodanige inligting nie sonder die toestemming van die munisipaliteit met enige ander party deel nie.

(3) Die operateur moet -

(a) die munisipaliteit voorsien van soos-gebou-inligting met betrekking tot die operateur se geïnstalleerde fasiliteite, in ’n lêerformaat soos wat deur die munisipaliteit voorgeskryf kan word, en dit moet deur die operateur bygewerk word indien enige modifikasies aangebring word;

(b) die munisipaliteit toelaat om soos-gebou-inligting te verskaf aan ander elektroniesekommunikasie-operateurs en/of eienaars van elektroniesekommunikasiefasiliteite, munisipale departemente, entiteite en ander okkupeerders van munisipale eiendom met die doel om skade aan of die ontwrigting van die fasiliteite en ander bates van die betrokkenes te beperk; en

(c) die munisipaliteit toelaat om die soos-gebou-inligting met betrekking tot die operateur se geïnstalleerde fasiliteite te gebruik op enige ander manier wat die munisipaliteit nodig mag ag.

12. Geldigheidstydperk van permit

’n Permit wat ingevolge hierdie verordening uitgereik is, sal geldig bly vir ’n tydperk van twee jaar vanaf die datum waarop die permit uitgereik is, op voorwaarde dat die operateur die jaarlikse permitgelde betaal en die voorwaardes wat op die uitgereikte permit van toepassing is, nakom.

13. Oordrag van permit

(1) Die operateur mag ’n permit oordra met die toestemming van die munisipaliteit op voorwaarde dat-

(a) geen voorwaardes wat in die permit uiteengesit is, oortree is nie;

(b) betaling van die jaarlikse permitgelde op datum is;

(c) die party na wie die operateur die permit wil oordra, ’n elektroniesekommunikasie-operateur is wat behoorlik gelisensieer is of deur ICASA vrygestel is; en

(d) die operateur die munisipaliteit voorsien van al die toepaslike inligting oor die nuwe operateur soos beoog in artikel 3.

(2) Die nuwe operateur moet, sodra die munisipaliteit die oordrag van ’n permit goedgekeur het, by die munisipaliteit aansoek doen om die uitreiking van ’n nuwe permit en die munisipaliteit behou die reg voor om voorwaardes van die permit te verander of om nuwe voorwaardes by te voeg.

14. Intrekking van permit

(1) Die munisipaliteit mag, na vooraf skriftelike kennisgewing, ’n permit intrek indien-

(a) die jaarlikse permitgelde nie betaal is nie of die operateur die voorwaardes wat op die permit van toepassing is, nie nakom nie;

(b) die operateur versuim om goedkeuring van die munisipaliteit te kry vir die oordra van ’n permit na ’n ander party soos vereis ingevolge artikel 13 van hierdie verordening; of

(c) voortgesette okkupasie van die eiendom deur derde partye nie meer lewensvatbaar is nie weens veranderinge in omstandighede met betrekking tot die fisiese aard van die munisipaliteit se eiendom;

(2) In die geval van veranderinge soos beoog in subartikel (1)(c) kan die munisipaliteit vir die operateur ’n alternatief aanbied om infrastruktuur te verskuif, waar moontlik, en alle kostes met betrekking tot die gevolglike verskuiwing van die fasiliteite sal kostes vir die operateur wees.

(3) Indien ’n permit ingetrek word-

(a) sal enige uitstaande jaarlikse permitgelde verskuldig bly *pro rata* tot die tyd van intrekking;

(b) sal die jaarlikse permitgelde wat reeds betaal is vir die gedeelte van die twaalfmaandetydperk na intrekking nie terugbetaal word nie;

(c) sal daar van die operateur vereis word om die elektroniesekommunikasiefasiliteite, waar moontlik, binne 30 dae van die munisipaliteit se eiendom te verwyder, tensy die munisipaliteit andersins opdrag gee, en om die toestand van die munisipaliteit se eiendom tot die oorspronklike toestand te herstel;

(4) Fasiliteite wat nie binne die gespesifiseerde tyd verwyder is nie, sal die eiendom van die munisipaliteit word, en enige latere verwydering of rehabilitasie wat nodig is, sal vir die koste van die operateur wees, en die munisipaliteit sal nie aanspreeklik wees vir enige skade wat as gevolg van sodanige verwydering veroorsaak mag word nie.

15. Verstryking van permit

(1) Die permit sal verstryk indien-

(a) die lisensie van die elektroniesekommunikasie-operateur verstryk, teruggetrek word of oorgedra word sonder dat die munisipaliteit

ingelig word;

(b) indien die operateur versuim om goedkeuring van die munisipaliteit te kry om die permit oor te dra soos vereis word ingevolge artikel 13 van hierdie verordening;

(c) die operateur gelikwideer word of andersins ontbind word.

(2) Na verstryking van ’n permit mag daar van die operateur of die likwidateur vereis word om die elektroniesekommunikasiefasiliteite, waar moontlik, binne 30 dae van die munisipaliteit se eiendom te verwyder, tensy die munisipaliteit andersins opdrag gee.

(3) Daar sal ook van die operateur of likwidateur vereis word om die eiendom tot die oorspronklike toestand te herstel, tensy die likwidateur by die munisipaliteit aansoek doen om die permit oor te dra.

(4) Fasiliteite wat nie binne die gespesifiseerde tydperk verwyder word nie, sal die eiendom van die munisipaliteit word en enige later verwydering of rehabilitasie wat nodig mag wees sal vir die koste van die operateur wees en die munisipaliteit sal nie aanspreeklik wees vir enige skade wat weens sodanige verwydering veroorsaak mag word nie.

HOOFSTUK 4: NAKOMING EN AFDWINGING

16. Nakoming van wetgewing

’n Permit wat ingevolge hierdie verordening toegestaan is, stel die operateur nie vry van die nakoming van enige ander wet, verordening of soneringsbepalings van die munisipaliteit nie.

17. Reg van toegang en inspeksie

’n Gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit sal onbeperkte toegang hê tot die werk wat deur operateur gedoen word om sodanige werk te inspekteer vir die nakoming van die bepalings van hierdie verordening.

18. Toesig, inspeksie en toetsing

(1) Die betrokke gebruikersdepartement van die munisipaliteit sal die vlak van toesig bepaal en teen ’n fooi wat deur die munisipaliteit bepaal sal word toesig hou oor die werk wat deur die operateur onderneem word, welke fooi maandeliks vooruit deur die operateur betaalbaar sal wees.

(2) Die toesig oor werk waarna in subartikel (1) verwys word, sal inspeksie van die werk en toetsing van monsters, waar nodig, insluit.

(3) Die munisipaliteit mag, waar nodig, ’n onafhanklike bevoegde persoon op die operateur se koste aanstel om gehalteversekering te doen met betrekking tot die werk wat deur die operateur onderneem word om te verseker dat die standaarde wat in die permit uiteengesit word, nagekom word.

19. Kennisgewing van nakoming

(1) Waar ’n gemagtigde amptenaar redelike gronde het om te glo dat die operateur versuim het om enige bepaling van hierdie verordening na te kom, of enige van die voorwaardes van die permit oortree het, mag hy of sy ’n skriftelike kennisgewing van nakoming aan die operateur bedien, welke kennisgewing die volgende moet uiteensit–

(a) die bepaling van die verordening of permit wat nie nagekom is nie;
(b) die stappe wat die operateur moet neem of die maatreëls wat die operateur moet instel om die kennisgewing na te kom;
(c) die tydsraamwerk waarbinne die operateur die kennisgewing moet nakom;
(d) dat die operateur vertoë mag rig tot die munisipale bestuurder binne die tydperk in die kennisgewing gespesifiseer, op voorwaarde dat daar in ’n noodsituasie afstand gedoen sal word van die reg om vertoë te rig.

(2) Wanneer enige maatreël of tydperk beoog in subartikel (1) oorweeg word, moet die gemagtigde beampte die doelwitte van hierdie verordening, die aard van die nie-nakoming en ander toepaslike faktore in ag neem.

(3) Indien die operateur versuim om binne die gestipuleerde tydsraamwerk aan die kennisgewing gehoor te gee, kan die munisipaliteit-

(a) die operateur fisiese toegang weier tot die elektroniese kommunikasiefasiliteite waarvoor die permit uitgereik is;
(b) na vooraf skriftelike kennisgewing die permit intrek; of
(c) waar nodig, ’n bevoegde hof nader vir ’n bevel om die werk wat deur die operateur onderneem word te staak of vir enige ander vorm van regshulp.

HOOFSTUK 5: ALGEMENE BEPALINGS

20. Gelde en tariewe

(1) Die munisipaliteit sal gelde of deposito’s bepaal wat nodig is om kostes te verhaal, insluitend maar nie beperk nie tot-

(a) administrasiegelde;
(b) gelde vir toesig, inspeksie en toetsing; of
(c) enige ander gelde soos beoog in artikel 75A van die Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000).

(2) Voor die aanvang van die werk sal die operateur die deposito’s of gelde betaal, soos bepaal deur die munisipaliteit, wat in die permit wat aan die operateur uitgereik word, weerspieël sal word.

21. Vrywaring

Die operateur sal die munisipaliteit vrywaar van eise ten opsigte van-

DRAFT

(a) skade veroorsaak aan die werk of ontwrigting van dienste deur die munisipaliteit of enige ander derde party of kostes aangegaan deur die operateur om die fasiliteite te verskuif, te verwyder of te beskerm; of
(b) skade of beserings veroorsaak aan ŉ derde party deur die operateur tydens die installasie van elektroniesekommunikasiefasiliteite.

22. Misdrywe en straf

(1) ŉ Persoon wat-
(a) die bepalings van hierdie verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen;
(b) weier om uitvoering te gee aan ŉ wettige opdrag deur ŉ gemagtige beampte of sodanige beampte dwarsboom in die uitvoering van sy of haar pligte, of
(c) versuim om te voldoen aan enige kennisgewing uitgereik ingevolge hierdie verordening,

is skuldig aan ŉ oortreding en is by skuldigbevinding strafbaar met ŉ boete of gevangenisstraf, en in die geval van ŉ voortdurende misdryf, met ŉ addisionele boete vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur.

(2) Indien ŉ persoon versuim om te voldoen aan ŉ kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 19, sal dit neerkom op ŉ voortdurende misdryf.

(3) Benewens die straf in subartikel(1)(c), ŉ verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat na bevinding van die hof deur die munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim.

23. Appèl

ŉ Operateur wat ontevrede is oor ŉ gedelegeerde besluit van die munisipaliteit mag appèl aanteken teen sodanige besluit deur binne 21 dae van die datum van kennisgewing van die besluit aan die munisipale bestuurder skriftelik kennis te gee van die appèl en die redes daarvoor ingevolge artikel 62 van die Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000).

24. Kort titel en inwerkingtrede

Hierdie verordening heet die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Installasie van Telekommunikasie-infrastruktuur, en sal in werking tree op die datum van publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

DRAFT